


# GRAAD 8 INLIGTING

WELPIES 2027

# INHOUD


Uit die Hoof se Kantoor 3

Algemene Inligting 4

Beste nuwe Triegie-welpie 5

Skoolgeld, Koshuis en Dagskolier-inligting 6-8

Skryfbehoeftes, Handboeke en Skrifte 9-11

Skooldrag 12-13

Afwesighede 14

Kampreëlings / Eerste Dag 15

Kamp: Lys van Benodigdhede 16

Belangrike Datums 17

LEC 2026/27 18

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR:



**Mnr. Theo Muller**

Welkom aan al ons nuwe Triegie-ouers!

Dit is ’n voorreg om julle te verwelkom en ons sien uit na 2027 saam met julle! Ons vorm ’n besonderse span by Hoërskool Louis Trichardt, en streef daarna om te verseker dat elke Triegie gemotiveerd en gelukkig is, sodat elke ouer ook so voel. Elke ouer en kind het ’n spesiale plek in ons skool se hart.

Oor die volgende vyf jaar wil ons jou graad 8-welpie se lewe vul met uitstekende akademiese prestasies, die ontwikkeling van kreatiwiteit, effektiewe kommunikasie en talle aktiwiteite.
Dit sal jou kind help om sy of haar volle potensiaal te bereik en ons wil verseker dat hulle van Triegie-welpies in Triegie-leeus ontwikkel. Dit is vir ons baie belangrik dat elkeen van ons Triegies so maklik moontlik tuis voel en by ons dinamiese skool betrokke raak.

Betrokkenheid bou positiwiteit en n gevoel van deelwees en van eenheid. Betrokke Triegies is meer  by die skool as by die huis en dit is gesond, want hier leer ons saam, van-en bymekaar. By hierdie inligtingsgids is n kalender vir “op die yskas” om die wiele tuis ge-olie te hou. Volledige besonderhede en datums van alle gebeure sal in die kwartaalprogram saamgevat word.

Graad 8-Triegie-welpies woon alle atletiekbyeenkomste by, asook sekere ander aktiwiteite wat vooraf met hulle afgespreek word. Baie dankie vir julle lojale inkoop in Hoërskool Louis Trichardt se manier van doen om elke Graad 8-Groentjie n ware Triegie met Triegie-tradisies te maak. Ons missie is om Triegie-Leeus vol lewenslus te bou wat diep spore trap, want waar n spoor trap, word n generasie gevorm.

Ons vertrou dat u en u kind se verbintenis met die skool vol opwinding, ontwikkeling, avontuur, gesonde uitdagings en koestering sal wees. Hier is ons graag die springmat en vangnet vir ons kinders. Ons wil elke nuweling so tuis laat voel, dat hulle vinnig die vrymoedigheid ontwikkel om te waag, te ontdek en hulle grense te verskuif, binne die veilige raamwerk van ons Triegie-waardes van integriteit, lojaliteit, respek en ywer.
Indien u ooit wonder of onseker is oor enige iets, neem vrymoedigheid en kontak ons gerus

Triegie-groete

Mnr. J.T. Muller

# ALGEMENE INLIGTING:

**TRIEGIE-DAGBOEK:**

Elke leerder ontvang aan die begin van die jaar ’n Triegie-dagboek.
Hierdie dagboek MOET elke dag in jou kind se skooltas wees!

SKOOLURE:

Skool open vir personeel:

Maandag, 11 Januarie 2027

Skool open vir leerlinge :

Woensdag, 13 Januarie 2027

Hoërskool Louis Trichardt begin stiptelik om 6:55 en sluit 13:45.

BANKBESONDERHEDE:
FNB Tjekrekening

Rekeningnommer: 627-446-19208

Takkode: 250-655

Verwysing: Rekeningnommer soos per skoolfondsstaat



# Liewe Triegie-welpie



Jy het besluit om deel te word van die Triegie-gesin waar almal vir mekaar omgee. Ons is baie opgewonde oor jou koms en berei voor om jou deel van ons gesin te maak as n volwaardige TRIEGIE_LEEU en uiteindelik in 2031 ’n Triegie - MATRIKULANT!

Hoërskool Louis Trichardt is nie net ’n skool nie – dit is ’n leefwyse! Daarom wil ons, saam met die Triegie-Onnies, jou help om jou hoërskoolloopbaan suksesvol te maak, sodat jy reg sal wees vir die grootmenswêreld wat vir jou wag. Ons gaan die saam regkry, want ons glo jy is ook opgewonde om met hierdie nuwe avontuur te begin.

Daar is net een voorvereiste vir sukses: Wees oral betrokke, probeer alles, geniet alles en kies dan eers!

Ons is ’n besige en bedrywige skool! Ons weet jy wil so gou moontlik al jou TRIEGIE-dinge gereed hê vir volgende jaar en daarom gee ons nou reeds vir jou die belangrikste datums vir die eerste maand van volgende jaar.
’n Ingeligte Triegie- Welpie sukkel min!

Jy brand seker om Triegie-skooldrag te koop. Dit is beskikbaar by ons eie Triegie-winkel op die skoolterrein. Ons het by die skool ’n klerebank waar tweedehandse klere beskikbaar is. Jy het mos ons nommer, moenie skroom om die skool of vir my persoonlik te skakel as jy oor enige iets onseker is nie. Ons sal jou 1-2-3 sonder sukkel help. Ons Triegie-LUK gaan ook ’n keer of waat met jou gesels- vra gerus ook vir hulle waaroor jy nog wonder!

Geniet die vakansie en kom wees deel van ons Triegie-Gesin. Ons kan nie wag om jou te ontmoet nie.

Triegie-Groete

Mev. Madeleine Nel
Bemarker
083 388 7933 / 015 516 4965
nelmadeleine@yahoo.com.au

# ONDERRIGGELDE:

Neem asseblief kennis dat die skoolfonds vir 2027

R30 250 per leerling beloop.

R2 750 per maand oor 11 maande.

Kontak mev.Priscilla Krugel by 015 516 4965 vir enige navrae by ons finansiële kantoor.

**Bankbesonderhede:**
FNB Tjekrekening 627-446-19208

(takkode: 250-655)

**KOSHUISGELD2027**:

Totale Koste: R 45 850

Kwartaal 1: R 12 000

Kwartaal 2: R 12 000

Kwartaal 3: R 12 000

Kwartaal 4: R 9850

# KOSHUIS:
# DAGSKOLIERE-INLIGTING

## KOSTES EN OPSIES

Dagskolierfooi:

R550 per maand per kamer (vooruit betaalbaar)

Middagete (opsioneel): R70 per ete

Jy kan nou ’n kamer bespreek om jou kind se plek te verseker!

Kontak gerus vir Charmain Jacobs by 082-889-5886 via WhatsApp vir die nodige aansoekvorms en inligting.

## GERIEWE VIR DAGSKOLIERE

Ons koshuise is onlangs opgeknap en gemoderniseer, met moderne fasiliteite wat leerders in staat stel om te floreer in ’n ondersteunende en veilige omgewing.









Ons dagskolierprogram maak dit makliker vir beide werkende ouers deur:

- Die dagskolier-omgewing funksioneer op self- dissipline, wat noodsaaklik is vir sukses en ’n positiewe ervaring ná skool.
- Buitemuurse aktiwiteite word gekoördineer om leerders se balans tussen werk en ontspanning te ondersteun.
- ’n Gestruktureerde en veilige ruimte word vir leerders geskep
- Middagete en vervoer bespaar tyd en moeite vir ouers en leerders.
- Elke dagskolier kry die kans om ten volle te ontwikkel en te goei, sodat hy/sy ’n betekenisvolle rol in die samelewing kan vervul

Dagskolier-aansoekvorms, beleid en reëls is beskikbaar vir ouers wat belangstel om hul kinders vir 2027 in te skryf.
Kontak ons gerus vir meer inligting en om ’n afspraak te maak vir ’n toer deur ons uitstekende fasiliteite in Januarie 2027. Dokumentasie en aansoek-vorms sal vanaf 11 Januarie 2027 by die skool-Kantoor beskikbaar wees.

# SKRYFBEHOEFTES, HANDBOEKE & SKRIFTE:

## SKRYFBEHOEFTES:

Elke leerling sal die volgende benodighede per die skryfbehoefte lys moet aanskaf.

'n Huiswerkboek/dagboek met die skoolinligting word deur die skool voorsien en moet te alle tye by die leerlinge wees

## BOEKE OORTREK:

Elke onderwyser sal hul voorskrifte  per vak deurgee.

LET WEL: ALLE SKRIFTE EN HANDBOEKE MOET MET PLASTIEK OORGETREK WEES VOOR 1 FEBRUARIE 2027

## WERKBOEKE:

Die volgende werkboek moet aangekoop word

Rekeningkunde R200

Jy moet 'n Afrikaanse/Engelse woordeboek aankoop.

Handboeke vir alle ander vakke sal voorsien word.

## SKRIFTE:

Neem asseblief kennis dat Hoërskool Louis Trichardt steeds gratis skrifte aan ons leerders voorsien. Indien 'n skrif vol of weg is, is dit jou verantwoordelikheid om die skrif te vervang.

# Lys van Skryfbehoeftes

Leerders word verwag om hulle eie skryfbehoeftes tydens klastyd te hê en nie skryfgoed van mekaar te leen nie. Dit is ook belangrik om te verstaan dat die Departement van Onderwys nie altyd aan ons kwaliteit skryfbehoeftes en kunsmateriaal verskaf nie. Die kunsklas verskaf sekere ander kunsmateriaal as deel van die begroting waarmee leerders gaan werk. Alle skryfbehoeftes wat hieronder vermeld word, is beskikbaar in die dorp.

**Die volgende items is essensieel vir alle vakke:**

- Potloodsakkie / blikkie
- Ten minste 2 blou balpuntpenne ( leerders werk in boeke met blou en nie swart penne nie)
- 2 Potlode ( en 4 by die huis)
- 1 Drukpotlood met 0.5 loodstafies ( opsioneel - later vir gebruik in IGO vanaf Graad 10)
- 1 Uitveër
- 1 Skerpmaker
- 1 Liniaal
- 1 Skêr
- Kleeflint
- Gomstafie ( Pritt of goeie gom)
- Inkleurpotlode
- Enige gekleurde penne (opsioneel)
- Ten minste 2 aksentpenne ( Highlighters - opsioneel)
- Tip-ex (opsioneel)
- Meetkundige stel - verpligtend ( Steadler, Noris of Helix Oxford)
- Sakrekenaar - verpligtend, benodig vir Graad 8-12 ( Casio Scientific Calculator, nie sharp nie)
- Flip file ( A4 - grootte sakkies, word gebruik om klasnotas en papiere in te sit)
- 10 Plastiek “quotation folders” ( word gebruik om assesseringstake in te handig)
- Plastiek, oortrekpapier en etikette vir boeke oortrek.
- Eie keuse gekleurde papier vir boeke oortrek

Let Wel : Alle skrifte en handboeke moet met plastiek oorgetrek word.

K**unsbenodighede (Hou by die huis vir tuiswerkopdragte:**

- 1 x 2B Tekenpotlood (Steadler, Faber - Castell of Lyra handelsmerk.
- 1 x 6B Tekenpotlood (Steadler, Faber - Castell of Lyra handelsmerk.
- Goeie stel ‘felt tip” penne (kokis) - ten minste n stel van 12
- Pak A4 gekleurde papier om te gebruik tuis vir knip - en plakwerk

## Merk asseblief alle skryfbehoeftes duidelik




Aanbeveel, maar die gewone FX-82ZA+ is voldoende



Voorbeeld van die kwotasielêers

# SKOOLDRAG:

Ons verwys na die dagboek wat elke leerder ontvang in Januarie 2027 wat die reëls duidelik uiteensit aangaande voorkoms.

skool- en sportdrag is te koop by ons eie Triegie Winkel.

NB: Let daarop dat die skoolbaadjie “Blazer” aanbeveel word vir alle graad 8-leerders, maar dit is nie verpligtend nie. Blazers is betaalbaar voor die einde van Maart en word dan eers bestel. Skakel gerus met mev. Ronelle Linde 064 891 0978.

Die eerste dag van skool ontvang die welpies ’n T-hemp by die kamp wat hul moet aantrek soos wat met hulle gereël word.

## TRIEGIE-WINKELURE:

Die Triegie-winkel sal oop

wees tot 19 Des 2026 en weer

open op 2 Januarie 2027Ure:

Maandag tot Donderdag

08:00–15:00,

Vrydae 08:00–14:00.

RONELLE LINDE
064 891 0978

# Wat moet jy dra op die eerste dag van Graad 8, 2027?

Gewone Hoërskool skooldrag:

Dogters : Maroen rompie, wit skoolhemp en skoolskoene.

Seuns : Khaki broek, hemp en skoolskoene



# AFWESIGHEDE:

Ouers/Voogde word versoek om vooraf reëlings te tref deur aansoek te doen om u kind uit te mag teken deur gebruik te maak van die voorgeskrewe vorm in die dagboek (wat u kind gratis van die skool ontvang)

Neem asseblief kennis dat slegs ouers/voogde self leerlinge by die skoolkantoor mag uitteken. Geen leerling sal toegelaat word om die skoolterrein te verlaat sonder sy ouers/voogde se teenwoordigheid nie. Ons versoek ouers egter om slegs met uitsondering leerlinge in skooltyd uit te teken. Reël dus asseblief mediese afsprake na skool.

Deur by die uittekenprosedure te hou - dra u by om u kind se veiligheid te verseker.



**Meneer Dippie Nortje**
**Dissiplinêre Hoof**

# SELFONE:

Ons wil u graag inlig dat Hoërskool Louis Trichardt vanaf 2026 'n geen-selfoonbeleid ingestel het.

# EERSTE DAG / KAMPREËLINGS:

**Let daarop dat hierdie kamp verpligtend is vir alle graad 8-leerders**

Leerders kom die 13de met hul skoolklere skool toe. Geen skooltas nie, slegs hul beddegoed en sak met klere vir hul kamp.
Die koste van die Welpie-kamp beloop R900 wat verblyf, vermaak en alle etes insluit. Die koste van die Welpiehemp beloop R100. Die gelde sal dus R1000 verhaal word.

## Program:

Saalopening : Vertrek na Northgate
Arriveer weer terug Donderdag 14 Januarie om 15:30 by die atletiekveld.
NB: Kinders moet asseblief baie ou klere inpak, asook twee plastieksakke vir nat en vuil klere, aangesien hulle 'n modderbad gaan neem!



Mnr Adriaan Moulder
072 311 5719

**Mnr. Moulder is verantwoordelik vir die Welpie-oriëntering.U is welkom om hom te skakel**

# KAMP:

## NORTHGATE – LYS VAN BENODIGHEDE:

PERSOONLIKE BESITTINGS MOET DUIDELIK MET JOU NAAM GEMERK WEES.

**A. MOET-SAAMNEEM-LYSIE**

1. Slaapsak en kussing of duvet (+ 1 ligte kombers)
2. Een stel klere vir elke dag, verkieslik ou klere. Seuns: gemaklike hemde en broeke. Meisies: gemaklike langbroeke en jeans (lank of kort). Geen rokke of rompe nie.
3. ’n Sweetpak of warm jas, trui of baadjie, reënjas en slaapklere.
4. Handdoek en swemklere.
5. Waterbottel indien moontlik
6. Hoed en sonskerm.
7. Toiletware: (Moenie seep en tandeborsel vergeet nie)
8. Sakgeld vir die snoepie.
9. Plastieksakke vir nat en vuil klere.

**B. BELANGRIKE INLIGTING EN REËLINGS**

- Geen selfone: Selfone mag nie tydens die program gebruik word nie. Ons sal julle op hoogte hou via die klasgroepe.
- Medikasie: Leerders met asma, hooikoors of ’n bysteekallergie moet asseblief hul eie medikasie saambring.
- Voedselallergieë en dieetvoorkeure: Leerders wat allergies is vir sekere voedselprodukte of ’n spesiale dieet volg (bv. halaal of vegetaries), moet vooraf reëlings tref vir alternatiewe of mag hul eie kos saambring.

  Ons sal dit graag vir hulle bêre en voorberei.

**DIE VOLGENDE MOET BY DIE SKOOL HANTEER WORD: GEEN RADIO’S, CD- OF MP3- OF SOORTGELYKE SPELERS WORD TOEGELAAT NIE.**

**GEEN ALKOHOL, DWELMS, SIGARETTE, KLAPPERS, VUURWAPENS OF ENIGE GEVAARLIKE WAPENS WORD TOEGELAAT NIE.**

# BELANGRIKE DATUMS:



## JANUARIE 2027

| MAAN | DIN | WOE | DON | VRY | SAT | SON |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 Vertrek na Northgate **Skool begin** | 14 Kamp kom terug om 15:30 by die Atletiekveld | 15 | 16 | 17 |
| 18 Graad 8 Konsertoefening ná skool tot 17:00 | 19 Graad 8 Konsertoefening ná skool tot 17:00 | 20 Kleedrepetisie tot 18:00 | 21 **Graad 8 Konsert!** 18:00 | 22 Bokkesport Welpies moet om 6:15 by die Atletiekveld wees | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 **Top 14 Atletiek** | 28 | 29 | 30 | 31 |

**NB: Klere vir die Graad 8-konsert:**

**Seuns en dogters moet swart ski-pants**

**of enige swart broek en ’n swart T-hemp dra!**

# LEC 2026/27



Onderhoofseun Sport
**Francois Nel**



Onderhoofseun Akademie
**Ndamulelo Muthala**



Hoofseun
**Rhangi Baloyi**



Hoofmeisie
**Chrizette Odendaal**



Onderhoofmeisie Sosiaal
**Renette Nel**



Onderhoofmeisie Kultuur
**Carli Hatting**



Leander Kotzee



Maita Matumba



Li-Jay Liberatore



Chaeli Thomson



Uhone Singo



Danae Schuch



Daniel Musekene



Catherine van Heerden



Juandro Kruger



Carli van den Berg



Xadrian Snyman



Elme Burger



Dylen Maynier



Abigail Oosthuizen



Kevin Siebani



Elni Le Roux



Leslie Tamakloe



Clarize Moller

# SKOOLLIED

Van Suiderland tot Noorderland
Breed lê ons volk se spoor, Beskawingslig is hoog geplant
Waar Trichardt wink daar voor
Waar Trichardt wink daar voor,
Ons wil werk en waak komaan!
Dieselfde vaandel dra.
Ons skool se glorie sprei ons saam Oor heel Suid-Afrika
Ons skool se glorie sprei ons saam Oor heel Suid-Afrika
Ons wil werk en waak komaan!
Dieslefde vaandel dra.
Ons skool se glorie sprei ons saam
Oor heel Suid-Afrika.
Ons skool se glorie sprei ons saam.
Oor heel Suid-Afrika

Maroon and gold against the blue
Bright lies our future true.
The Lion our Alma'ter
Observe and work creed
A Triegie heart so pure.

United here we are so proud
Our diverse nation dear.
We work, obey and try our best
For you South Africa
We strive and toil to make proud
A Triegie heart so pure!

## KONTAKBESONDERHEDE:


Hoërskool Louis Trichardt

Andersonstraat 148

Louis Trichardt, 0920

Posbus 101

**TELEFOON**

**015 516 5965/6**

E-POS ADRES

hslt@mweb.co.za

hslthoof@mweb.co.za





hslouistrichardt

Hs Louis Trichardt

Hoërskool Louis Trichardt

www.triegies.co.za